BEVESTIGING EN REGISTRASIE VAN HUWELIKE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HANDLEIDING VIR HUWELIKSBEVESTIGERS

Uitgegee deur die Departement van Binnelandse Sake, 1987
(Hierdie handleiding mag nie verkoop word nie en mag nie sonder die toestemming van die Departement gereproduseer word nie.)
GEDRUK DEUR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA

HANDLEIDING OOR DIE BEVESTIGING EN REGISTRASIE VAN HUWELIKE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

INHOUDSOPGAWE

Onderwerp	*Paragraaf*
Inleiding	1-5
Huweliksbevestigers	6-13
Wetlike voorvereiste vir voltrekking van 'n huwelik	14
Huweliksformulier	15
Plek vir en teenwoordigheid van partye en getuies by voltrekking van huwelik	16-19
Minderjariges	20-23
Geskeide persone	24-25
Wewenaars en weduwees	26-28
Verbode grade van verwantskap	29
Besware teen huwelik	30
Eiendomsregte	31
Inseëning van huwelik	32
Prosedure by die afneem van 'n eed of bevestiging	33
Voorskrifte vir die invul van huweliksregisters	34-37
Bevestiging en registrasie van 'n huwelik	38-43
Bestelling van en beskiking oor vorms	44-49
Uitreiking van sertifikate	50-51
Oordra van die administrasie van die Huwelikswet, 1961, aan die Administrasie van Suidwes-Afrika	52
Die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961)	Bylae A
RegulasieskragtensWet25 van 1961	Bylae B
Ander Wette en regulasies wat van toepassing is—	Bylae C
(i) Wet 81 van 1963: Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963	
(ii) Regulasies kragtens Wet 81 van **1963**	
(iii) Huweliksertifikaat: Vorm BI-27	
(iv) Huweliksregister: Vorm BI-30	
(v) Wet 38 van 1927: Swart Administrasie Wet, 1927	
(vi) Wet 37 van 1953; Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953	
Wysigingswet op Ontug en Verbod op Gemengde Huwelike, 1985 (Wet 72 van 1985)	Bylae D

VOORSKRIFTE AAN HUWELIKSBEVESTIGERS

INLEIDING

1. Die bevestiging van huwelike in die Republiek van Suid-Afrika geskied kragtens die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961).
2. Die bepalings van hierdie Wet en die regulasies daar kragtens uitgevaardig, is van toepassing op alle persone van alle bevolkingsgroepe wat in die Republiek van Suid-Afrika trou.
3. Hierdie handleiding bevat die Huwelikswet, 1961 (soos gewysig), die regulasies daar kragtens uitgevaardig, ander wette en uittreksels uit wette wat van toepassing is en voorskrifte aan huweliksbevestigers.
4. (1) Huweliksbevestigers moet hierdie wette, die regulasies en die voorskrifte sorgvuldig bestudeer en streng daarvolgens handel. Die nie-nakoming van wetlike bepalings kan tot gevolg hê dat 'n huwelik ongeldig is.

(2) Die aandag word veral gevestig op die wetlike voorvereistes waaraan alle persone moet voldoen en op die voorskrifte met betrekking tot die bevestiging en registrasie van 'n huwelik.

(3) Enige navrae oor die bevestiging van 'n huwelik kan gerig word aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied die huweliksbevestiger val.

5. Alle vorige handleidings en omsendbriewe betreffende die bevestiging en registrasie van huwelike in die Republiek van Suid-Afrika word hierby ingetrek.

HUWELIKSBEVESTIGERS

6. 'n Huwelik kan slegs deur 'n behoorlik gemagtigde huweliksbevestiger voltrek word.
7. (1) 'n Landdros, addisionele landdros, assistent-landdros, spesiale vrederegter of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake, wat 'n aanstelling as Kommissaris hou, is uit hoofde van sy amp en so lank hy daardie amp beklee 'n huweliksbevestiger vir die distrik of gebied ten opsigte waarvan hy sy amp beklee.

(2) Indien sodanige huweliksbevestiger 'n huwelik buite die distrik of gebied ten opsigte waarvan hy sy amp beklee, wil bevestig, moet 'n benoeming as huweliksbevestiger kragtens artikel 2 (2) van die Huwelikswet verkry word.

(3) 'n Beampte in die Staatsdiens wat nie ampshalwe 'n huweliksbevestiger is nie, kan huwelike bevestig slegs indien hy kragtens artikel 2 (2) van die Huwelikswet as huweliksbevestiger benoem is.

8. (1) 'n Leraar van, of iemand wat 'n verantwoordelike posisie beklee in, 'n godsdienstige denominasie of organisasie kan huwelike bevestig slegs indien hy kragtens artikel 3 van die Huwelikswet by wyse van 'n skriftelike stuk as huweliksbevestiger benoem is.

(2) Die onderskeie Ministers van die Eie Sake-administrasies van die drie Huise van die Parlement is sedert 1 Oktober 1985 verantwoordelik vir die benoeming van huweliksbevestigers uit die geledere van die gemeenskappe wat hulle bedien terwyl die Minister van Binnelandse Sake verantwoordelik is vir die benoeming van huweliksbevestigers uit die geledere van die ander gemeenskappe.

9. (1) Aansoek-om benoeming as huweliksbevestiger kragtens artikel 2 (2) of 3 van die Huwelikswet moet soos volg gerig word:

(a) Vir die benoeming van Blanke huweliksbevestigers:
Die Direkteur-generaal
Administrasie: Volksraad
Privaatsak X723
PRETORIA \0001

(b) Vir die benoeming van Kleurlinghuweliksbevestigers:
Die Direkteur-generaal
Administrasie: Raad van Verteenwoordigers
Privaatsak 9008
KAAPSTAD
8000

(c) Vir die benoeming van Indierhuweliksbevestigers:
Die Direkteur-generaal
Administrasie: Raad van Afgevaardigdes
Privaatsak X54330
DURBAN.
4000

(d) Vir die benoeming van Swart, Sjinese en ander Asierhuweliksbevestigers:
Die Direkteur-generaal
Binnelandse Sake
Privaatsak X114
PRETORIA
0001

(2) Aansoek om die benoeming van 'n kerklike huweliksbevestiger moet skriftelik gedoen word deur die beheerliggaam van die godsdienstige denominasie of organisasie waaraan sodanige persoon behoort.

10. Kerklike huweliksbevestigers se aandag word daarop gevestig dat hul benoeming as huweliksbevestiger—

(a) slegs in die Republiek van Suid-Afrika geldig is;

(b) nie die bevestiging van huwelike in die TBVC lande magtig nie;

(c) verval indien hulle deur die godsdienstige denominasie of organisasie waarvoor hulle as huweliksbevestiger benoem is, geskors of uitgesit word, of indien hulle hul status as leraar ontneem word of uit die denominasie of organisasie bedank of by 'n ander denominasie of organisasie aansluit;

(d) nie van die een godsdienstige denominasie of organisasie aan 'n ander oordraagbaar is nie.

11. 'n Kerklike huweliksbevestiger wie se benoeming beperk is tot die bevestiging van huwelike in 'n bepaalde gebied of tussen persone wat tot 'n bepaalde bevolkingsgroep behoort, kan deur die beheerliggaam van sy godsdienstige denominasie of organisasie by die betrokke Eie Sake-administrasie of die Departement van Binnelandse Sake, na gelang van die geval, aansoek doen om 'n nuwe benoeming sonder enige beperking.

12. (1) Kerklike huweliksbevestigers moet die beheerliggaam van hul godsdienstige denominasie of organisasie sonder versuim verwittig van enige verandering van adres.

(2) Kerklike huweliksbevestigers wat verwag om vir 'n langer tydperk as 12 maande uit die Republiek van Suid-Afrika afwesig te wees of wat na hul vertrek vind dat hulle afwesigheid 12 maande oorskry, moet die beheerliggaam van hulle godsdienstige denominasie of organisasie sonder versuim dienooreenkomstig in kennis stel.

13. Dit is die verantwoordelikheid van die beheerliggaam van 'n godsdienstige denominasie of organisasie om die onderskeie Eie Sake-administrasies of die Departement van Binnelandse Sake, na gelang van die geval, sonder versuim te verwittig van die verandering van adres, aftrede, bedanking, skorsing, ontneming van leraarstatus, uitsetting of dood van enige huweliksbevestiger wat tot sy godsdienstige denominasie of organisasie behoort.

WETLIKE VOORVEREISTE VIR VOLTREKKING VAN 'N HUWELIK

14. (1) Die aandag word daarop gevestig dat geen huwelik voltrek mag word nie tensy elkeen van die partye aan die bepalings van artikel 12 van die Huwelikswet, 1961, voldoen het.

(2) Ingevolge artikel 12 moet—

(a) elkeen van die betrokke partye sy of haar identiteitsdokument uitgereik kragtens die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), aan die huweliksbevestiger voorlê; of

(b) elkeen van di6 partye die voorgeskrewe beëdigde verklaring (verklaring vir doeleindes van 'n huweliksbevestiging—vorm BI-31) aan die huweliksbevestiger versterk; of

(c) een van di6 partye sy of haar identiteitsdokument aan die huweliksbevestiger voorl6 en die ander die voorgeskrewe beëdigde verklaring (vorm BI-31) aan die huweliksbevestiger versterk.

(3) Huweliksbevestigers se aandag word daarop gevestig dat slegs 'n identiteitsdokument wat in die Republiek van Suid-Afrika uitgereik is, vir die doeleindes van artikel 12 aanvaarbaar is. Persone wat nie oor sodanige identiteitsdokument beskik nie, byvoorbeeld besoekers aan die Republiek van Suid-Afrika, of 'n persoon wat nie sy of haar identiteitsdokument kan voorlê nie, moet die voorgeskrewe verklaring vir doeleindes van 'n huweliksbevestiging (vorm BI-31) versterk.

HUWELIKSFORMULIER

15. (1) Die Huweliksformulier wat by die voltrekking van 'n huwelik gebruik moet word, word by artikel 30 van die Huwelikswet voorgeskryf.

(2) 'n Kerklike huweliksbevestiger kan die Huweliksformulier volg wat gewoonlik deur sy godsdienstige denominasie of organisasie nagekom word mits daardie huweliksformulier deur die Minister van Binnelandse Sake goedgekeur is. Indien dit nie goedgekeur is nie, moet die huweliksbevestiger die vrae soos by artikel 30 voorgeskryf aan elkeen van die partye afsonderlik stel, en nadat elkeen van hulle bevestigend daarop geantwoord het, en hulle mekaar die regterhand gegee het, moet die huweliksbevestiger die partye regtens getroud verklaar.

Opmerking:

Die stel van die vrae en die verklaring deur die huweliksbevestiger soos by artikel 30 voorgeskryf, kan te eniger tydstip gedurende of net na die huwelikseremonie gedoen word, maar dit moet in die teenwoordigheid van die aanwesiges geskied en voordat die huweliksregister deur die partye, die getuies en die huweliksbevestiger onderteken word.

(3) *Ex Officio*-huweliksbevestigers en huweliksbevestigers wat kragtens artikel 2 (2) van die Huwelikswet benoem is, moet die formulier gebruik soos by artikel 30 voorgeskryf.

(4) Die toepaslike bepalings van artikel 30 (1) word hieronder aangehaal:

"By die voltrekking van 'n huwelik . . . moet die betrokke huweliksbevestiger aan elkeen van die partye die volgende vrae afsonderlik stel, waarop elkeen van hulle bevestigend moet antwoord:

'Verklaar jy, A. B., dat sover jy weet daar regtens geen beletsel is nie teen jou voorgenome huwelik met C. D. hier teenwoordig, en dat jy almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat jy C. D. tot jou wettige vrou (of man) neem?',

en daarop moet die partye mekaar die regterhand gee, en die betrokke huweliksbevestiger moet die huwelik met die volgende woorde as voltrek verklaar:

'Ek verklaar dat A. B. en C. D. hier teenwoordig regtens getroud is.'

PLEK VIR EN TEENWOORDIGHEID VAN PARTYE EN GETUIES BY VOLTREKKING VAN HUWELIK

16. (1) Ingevolge artikel 29 (2) van die Huwelikswet moet 'n huweliksbevestiger 'n huwelik voltrek in 'n kerk of ander gebou wat vir godsdiensoefeninge gebruik word, of in 'n openbare kantoor (d.i. 'n staatskantoor) of in 'n private woonhuis.

(2) Voorsiening word daarvoor gemaak dat 'n huwelik in 'n ander plek as voormelde plekke voltrek kan word weens die ernstige of langdurige siekte of die ernstige liggaamlike besering van een van of albei die partye tot die huwelik. 'n Huweliksbevestiger moet horn daarvan vergewis dat die siekte of liggaamlike besering sodanig is dat die huwelik noodsaaklikerwys in so 'n ander plek bevestig moet word (bv. 'n verpleeginrigting).

17. 'n Huwelik wat op 'n ander plek as een van die voorgeskrewe plekke voltrek is, is ongeldig.

18. 'n Huwelik moet voltrek word in die teenwoordigheid van die partye self en ten minste twee bevoegde getuies.

19. Niemand is bevoeg om deur middel van iemand anders wat as sy verteenwoordiger optree, 'n geldige huwelik aan te gaan nie. Huwelike met die handskoen mag derhalwe nie in die Republiek van Suid-Afrika bevestig word nie.

MINDERJARIGES

20. Geen huwelik mag tussen partye van wie die een of albei minderjarig is, voltrek word nie tensy die toestemming wat regtens vereis word, verleen en op skrif aan die huweliksbevestiger verstrek is nie.

21. (1) Die toestemming van albei ouers word vereis. Waar een van die ouers oorlede is, moet die oorlewende ouer toestemming verleen. As die ouers geskei is en die uitsluitlike voogdyskap nie aan een ouer toegeken is nie, moet die toestemming van albei ouers verkry word. (Sorg, bewaring, toesig en beheer is nie uitsluitlike voogdyskap nie.) Indien die egskeidingsbevel of 'n ander hofbevel nie uitdruklik bepaal dat die uitsluitlike voogdy aan een ouer toegeken is nie, word die toestemming van albei ouers regtens vereis.

(2) 'n Voog of stiefouer kan toestemming verleen slegs indien hy/sy testamentêr of deur 'n bevoegde hof as die wettige voog van die minderjarige aangestel is.

(3) Vorm BI-32 moet vir die toestemming van die ouers of voog gebruik word.

(4) Indien 'n minderjarige nie 'n ouer of voog het nie of om die een of ander voldoende rede nie in staat is om die toestemming van sy ouers of voog te verkry nie, moet aansoek gedoen word om die toestemming van 'n kommissaris van kindersorg, wat na goeddunke toestemming kan verleen. Aansoek moet gedoen word by die kommissaris van kindersorg van die distrik waarin die minderjarige woonagtig is.

(5) Vorm BI-34, wat vir hierdie doel gebruik moet word, is by die kommissaris van kindersorg verkrygbaar.

(6) 'n Kommissaris van kindersorg het nie die bevoegdheid om toestemming tot die huwelik van 'n minderjarige te verleen nie indien een of albei ouers of die wettige voog toestemming weier nie. In so 'n geval en in die geval waar 'n kommissaris van kindersorg weier om tot die huwelik van 'n minderjarige toe te stem, kan sodanige minderjarige kragtens artikel 25 (4) van die Huwelikswet aansoek doen om die toestemming van 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

22. (1) 'n Seun onder die ouderdom van 18 jaar of 'n dogter onder die ouderdom van 15 jaar is nie bevoeg om 'n geldige huwelik aan te gaan nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Minister van Binnelandse Sake.
(2) Aansoek om sodanige toestemming kan gedoen word by enige streek- of distrikskantoor van Binnelandse Sake.

Die volgende word vereis:

(a) 'n Skriftelike aansoek deur enigeen van die ouers van die betrokkene;
(b) die skriftelike toestemming van albei ouers van die betrokkene asook die skriftelike toestemming van albei ouers van die ander party tot die huwelik, indien sodanige party minderjarig is;

(c) 'n mediese sertifikaat, in die geval van swangerskap.

23. Vir die doeleindes van die Huwelikswet, 1961, word 'n persoon wat onder die ouderdom van 21 jaar is en vantevore 'n wettige huwelik aangegaan het wat deur die dood of egskeiding ontbind is, geag nie 'n minderjarige te wees nie.

GESKEIDE PERSONE

24. (1) Huweliksbevestigers moet hulle daarvan vergewis dat 'n persoon wettiglik geskei is, deur die voorlegging van die finale egskeidingsbevel te vereis. Die egskeidingsbevel moet nie by die huweliksregister aangeheg word nie maar die naam van die hof en die datum van egskeiding moet teenoor die item "Opmerkings" op die huweliksregister gemeld word.
(2) Indien dit om die een of ander voldoende rede nie vir 'n persoon moontlik is om 'n egskeidingsbevel voor te lê nie of indien 'n persoon in die buiteland geskei is en nie 'n egskeidingsbevel kan bekom nie, word 'n beëdigde verklaring van die persoon vereis ten effekte dat hy/sy wettiglik geskei is en waarin die naam van die hof wat die egskeiding toegestaan het en die datum waarop dit toegestaan is, gemeld word. Die verklaring moet by die huweliksregister aangeheg word.

25. 'n Geregtelike skeiding (van tafel en bed) is nie 'n egskeiding nie.

WEWEN'AARS EN WEDUWEES

26. (1) Voordat die huwelik van 'n wewenaar of weduwee voltrek word, moet die huweliksbevestiger horn vergewis van die afsterwe van die huweliksmaat deur aan te dring op die voorlegging van 'n sterftesertifikaat. Die sterftesertifikaat moet nie ingeneem word nie maar die naam van die afgestorwe huweliksmaat en die datum van afsterwe moet by item 18 van die huweliksregister aangebring word.
(2) Indien 'n sterftesertifikaat nie beskikbaar is nie, moet 'n verklaring van die betrokke persoon verkry word ter bevestiging van die oorlyde van die huweliksmaat en waarin die naam van die afgestorwene en die datum van afsterwe gemeld word. Die verklaring moet by die huweliksregister aangeheg word.

27. (1) In die geval van 'n Swarte word die aandag gevestig op regulasie 8(1) van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 20 van 6 Februarie 1987 wat soos volg lui:

"8 (1) Wanneer 'n Swarte wat die ouer is van 'n minderjarige kind wat die reg het om van daardie Swarte 'n erfenis te eis uit die boedel van daardie Swarte se oorlede eggenoot/eggenote, synde 'n boedel wat beredder is onder toesig en beheer van 'n landdros kragtens die bepalings van hierdie regulasies, verlang om weer 'n huwelik aan te gaan, dan moet daardie Swarte 'n sertifikaat verkry onder die hand van sodanige landdros ten effekte dat reëlings tot sy tevredenheid getref is vir die bewaring en beskerming van die erfenis van sodanige minderjarige.".

(2) Die sertifikaat wat deur 'n landdros kragtens voormelde regulasie uitgereik is, moet by die huweliksbevestiger ingelewer word voordat hy die huwelik voltrek. Die sertifikaat moet by die huweliksregister aangeheg word.

(3) Indien die boedel nie onder beheer van 'n landdros beredder is nie, moet die huweliksbevestiger 'n beëdigde verklaring met hierdie strekking van die betrokke persoon verkry en dit by die huweliksregister aanheg.

28. Die vereistes vervat in paragrawe 26 en 27 is nie op boedel s wat buite die Republiek van Suid-Afrika beredder is, van toepassing nie. In sulke gevalle moet die huweliksbevestiger die betrokke persoon versoek om 'n beëdigde verklaring in te dien waarin die volle name van die afgestorwe party, die datum van afsterwe en die land waar die boedel beredder is, gemeld word. Hierdie verklaring moet saam met die huweliksregister ingedien word en die volgende endossement moet by "Opmerkings" op die register gemaak word: "Boedel buite die RSA beredder."

VERBODE GRADE VAN VERWANTSKAP

29. (1) Die aandag word daarop gevestig—

(a) dat 'n man kan trou met die suster of enige vroulike familie lid van sy oorlede of geskeide vrou, behalwe 'n voorouer of 'n afstammeling van so 'n vrou; en

(b) dat 'n vrou kan trou met die broer of enige manlike familie lid van haar oorlede of geskeide man, behalwe 'n voorouer of 'n afstammeling van so 'n man.

(2) Ter leiding kan gemeld word dat 'n huwelik tussen 'n man en enigeen van die persone gemeld in kolom (1) of tussen ‘n vrou en enigeen van die persone gemeld in kolom (2) nie geoorloof is me:

(1)	(2)
Moeder	Vader
Dogter	Seun
Vader se moeder	Vader se vader
Moeder se moeder	Moeder se vader
Seun se dogter	Seun se seun
Dogter se dogter	Dogter se seun
Suster	Broer
Vrou se moeder	Man se vader
Vrou se dogter	Man se seun
Vader se vrou	Moeder se man
Seun se vrou	Dogter se man
Vader se vader se vrou	Vader se moeder se man
Moeder se vader se vrou	Moeder se moeder se man
Vrou se vader se moeder	Man se vader se vader
Vrou se moeder se moeder	Man se moeder se vader
Vrou se seun se dogter	Man se seun se seun
Vrou se dogter se dogter	Man se dogter se seun
Seun se seun se vrou	Seun se dogter se man
Dogter se seun se vrou	Dogter se dogter se man
Vader se suster	Vader se broer
Moeder se suster	Moeder se broer
Broer se dogter	Broer se seun
Broer se dogter se dogter	Broer se seun se seun
Broer se seun se dogter	Broer se dogter se seun
Suster se dogter	Suster se seun
Suster se dogter se dogter	Suster se seun se seun
Suster se seun se dogter	Suster se dogter se seun

BESWARE TEEN HUWELIK

30. (1) Iemand wat beswaar teen 'n voorgenome huwelik wil aanteken, moet dit skriftelik indien by die huweliksbevestiger wat die huwelik staan te voltrek.

(2) Die betrokke huweliksbevestiger moet by ontvangs van so 'n beswaar ondersoek instel na die gronde daarvan en indien hy oortuig is dat daar regtens geen beletsel teen die voorgenome huwelik is nie, kan hy die huwelik voltrek. Indien hy nie aldus oortuig is nie, moet hy weier om die huwelik te voltrek.

(3) Die huweliksbevestiger moet die skriftelike beswaar bewaar en moet 'n aantekening hou van sy ondersoek en sy beslissing in die saak ten opsigte van die beswaar.

EIENDOMSREGTE

31. (1) Daar word van huweliksbevestigers verlang om slegs in die geval van huwelike waar ALBEI partye Swartes is, die huweliksvoorwaardes op die huweliksregister aan te dui.

(2) Die eiendomsregte van Swartes word beheer deur artikel 22 (6) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927). Dit is belangrik dat die bepalings van hierdie artikel streng nagekom word, en om huweliksbevestigers met die uitleg en juiste toepassing van hierdie bepalings behulpsaam te wees, word die aandag in die besonder gevestig op Sub-artikel 22 (3) en (6) van voormelde Wet.

(a) Artikel 22 (3) – Kragtens hierdie artikel mag 'n huweliksbevestiger nie die huwelik van enige Swartman (ongeag die bevolkingsgroep van sy aanstaande vrou) bevestig nie tensy hy eers van horn 'n verklaringsvorm BI-168) verkry het oor die vraag of daar op daardie tydstip 'n gebruiklike verbinding tussen horn en enige vrou behalwe die vrou met wie hy wil trou, bestaan. As daar so 'n gebruiklike verbinding bestaan, mag die huweliksbevestiger nie met die huwelik voortgaan nie tensy hy in besit is van 'n verklaring (vorm BI-169) uitgereik deur 'n landdros of Kommissaris dat die bepalings van artikel 22 (1) nagekom is.
Indien daar wel 'n gebruiklike verbinding bestaan tussen die man en enige vrou behalwe die vrou met wie hy wil trou, is gemeenskap van goedere uitgesluit.

(b) Artikel 22 (6)—Ingevolge hierdie artikel het 'n huwelik tussen Swartes (d.i. waar albei partye Swartes is) nie die wetlike gevolge van 'n huwelik in gemeenskap van goedere nie, maar kan die partye, indien geen gebruiklike verbinding tussen die man en enige vrou behalwe die vrou met wie hy wil trou, bestaan nie, verklaar dat dit hulle voorneme en begeerte is dat hulle huwelik gemeenskap van goedere ten gevolge moet he. In daardie geval moet hulle te eniger tyd binne een maand voor die datum van hul huwelik 'n gesamentlike verklaring (vorm BI-170) met hierdie strekking by die huweliksbevestiger of by enige landdros of Kommissaris aflê.
Indien so 'n gesamentlike verklaring afgelê word, is die huwelik binne gemeenskap van goedere maar indien sodanige gesamentlike verklaring nie afgelê is nie, is gemeenskap van goedere uitgesluit.

(3) ***Opmerking:*** Kyk paragraaf 37 (19) vir die endossering van die huweliksregister.

INSEËNING VAN HUWELIKE

32. 'n Leraar of 'n persoon wat 'n verantwoordelike posisie in 'n godsdienstige denominasie of organisasie beklee, kan enige huwelik wat deur enige huweliksbevestiger voltrek is, inseën ooreenkomstig die gebruik van sy godsdienstige denominasie of organisasie, maar geen huweliksregister mag ten opsigte van so 'n inseëning ingevul word nie en geen sertifikaat wat as 'n huweliksertifikaat kan dien, mag ten opsigte daarvan uitgereik word nie.

PROSEDURE BY DIE AFNEEM VAN 'N EED OF BEVESTIGING

33. (1) Ingevolge Goewermentskennisgewing R. 2477 van 16 November 1984 uitgevaardig kragtens die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet 16 van 1963), is 'n kerklike huweliksbevestiger uit hoofde van sy benoeming as huweliksbevestiger, 'n kommissaris van ede vir die gebied waarvoor hy as huweliksbevestiger benoem is.

(2) Ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens voormelde Wet moet die volgende prosedure gevolg word by die afneem van 'n eed of bevestiging:

(a) 'n Eed word afgeneem deur die verklaarder die volgende woorde te laat uiter: "Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God."

(b) 'n Bevestiging word afgeneem deur die verklaarder die volgende woorde te laat uiter: "Ek bevestig opreg dat die inhoud van hierdie verklaring waar is."

(c) (i) Voordat 'n kommissaris van ede van iemand die eed of bevestiging afneem, vra hy die verklaarder—

(aa) of hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp;
(bb) of hy enige beswaar het teen die aflê van die voorgeskrewe eed; en
(cc) of hy die voorgeskrewe eed as bindend vir sy gewete beskou.

(ii) Indien die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp en hy die kommissaris van ede meedeel dat hy nie beswaar het teen die aflê van die eed nie en dit as bindend vir sy gewete beskou, neem die kommissaris van ede die eed af.

(iii) Indien die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp maar beswaar maak teen die aflê van die eed of die kommissaris van ede meedeel dat hy die eed nie as bindend vir sy gewete beskou nie, neem die kommissaris van ede die bevestiging af.

(iv) Die verklaarder onderteken die verklaring in teenwoordigheid van die kommissaris van ede.

(v) Indien die verklaarder nie kan skryf nie, bring hy in teenwoordigheid van die kommissaris van ede sy merk onderaan die verklaring aan: Met dien verstande dat indien die kommissaris van ede twyfel aangaande die verklaarder se onvermoë om te skryf, hy vereis dat sodanige onvermoë onderaan die verklaring deur 'n ander betroubare persoon gesertifiseer word.

(vi) Onder die handtekening of merk van die verklaarder sertifiseer die kommissaris van ede dat die verklaarder erken het dat hy met die inhoud van die verklaring vertroud is en dit begryp en meld hy die wyse, plek en datum van die afneem van die verklaring.

(vii) Die kommissaris van ede—

(aa) onderteken die verklaring en bring sy volle naam en besigheidsadres in drukletters onder sy handtekening aan; en

(bb) meld sy ampstitel en die gebied waarvoor hy aangestel is.

(3) 'n Kerklike huweliksbevestiger moet sy ampstitel as "Huweliksbevestiger" verstrek en die gebied waarvoor hy as huweliksbevestiger aangestel is soos aangedui op sy benoemingsbrief, byvoorbeeld "Republiek van Suid-Afrika".

VOORSKRIFTE VIR DIE INVUL VAN HUWELIKSREGISTERS (VORM BI-30)

34. Vorm BI-30 moet gebruik word vir die registrasie van alle huwelike wat in die Republiek van Suid-Afrika bevestig word.

35. Die huweliksregister moet in drievoud ingevul word deur van 'n swart balpuntpen en koolpapier gebruik te maak. Die register moet duidelik en netjies ingevul word. Besonderhede mag ook getik word.

36. (1) Foute moet verbeter word deur 'n horisontale lyn deur 'n foutiewe woord, letter of syfer te trek en die korrekte woord, letter of syfer daarbo in te skryf. Eike verbetering moet deur die egpaar en die huweliksbevestiger geparafeer word. Indien die fout van so 'n aard is dat die huweliksregister bederf is, moet die oorspronklike en albei afskrifte van die register gekanselleer word.

(2) Indien 'n register reeds ingevul is, maar die huwelik nie voltrek is nie, moet die oorspronklike en albei afskrifte van die register gekanselleer word en die rede vir die kansellering kortliks op die oorspronklike register aangeteken word. Die register moet duidelik geëndosseer word "GEKANSELLEER" en in die boek huweliksregisters gelaat word vir kontrole doeleindes.

37. (1) Items 1 en 7 (van vorm BI-30)

Die identiteitsnommer van die man en die vrou moet ingevul word soos dit in elkeen se identiteitsdokument aangeteken is. Slegs identiteitsdokumente van die Republiek van Suid-Afrika is van toepassing. Indien 'n persoon nie 'n identiteitsdokument kan voorlê nie, moet die betrokke item blanko gelaat word. Paspoortnommers of enige ander nommer moet nie verstrek word nie.

(2) Items 3, 4, 9, 10 en 11

(a) Die van en voorname van die man en die vrou moet ingevul word soos dit in elkeen se identiteitsdokument voorkom. Die vrou se nooiensvan (item 9) moet altyd ingevul word.

(b) Item 10 word ingevul slegs indien die vrou:

(i) voorheen wettig getroud was en haar getroude van haar huidige wettige van is;

(ii) (aa) volgens Islamitiese gebruik of die gebruike van enige Indiese geloof getrou het sender dat 'n wettige huwelik tot stand gekom het; of

(bb) 'n gebruiklike verbinding aangegaan het; en

die van aangeneem het van die man met wie sy sodanige huwelik of verbinding gesluit het. In die geval van (ii) (aa) en (bb) hierbo moet die volgende aantekening by "Opmerkings" gemaak word: "Vrou het man se van na Islamitiese huwelik/gebruiklike verbinding aangeneem."

(c) Voorts kan 'n geskeide vrou of 'n weduwee enige van wat sy voorheen gehad het, weer aanneem. Die van wat sy aldus aangeneem het, moet verstrek word en die volgende aantekening by "Opmerkings" gemaak word:
"Vrou het nooiensvan/vorige getroude van aangeneem."

(3)Items 2 en8

Die geboortedatum van die man en die vrou moet in syfers geskryf word, byvoorbeeld 27-01-1956.

(4) Items 5 en 12

Vul die land van geboorte van onderskeidelik die man en die vrou in.

(5) Items 6 en 13

Skryf "jonkman", "jongedogter", "wewenaar", "weduwee" of "geskeide", na gelang van die geval. Persone wat nie voorheen wettig getroud was nie, moet as "jonkman" of "jongedogter" beskryf word.

(6) Item 14

Skryf in syfers die dag, maand en jaar, byvoorbeeld 06-03-1986. Hierdie datum moet ooreenstem met dié by item 21.

(7) Item 15

(a) (i) Dui aan wie toestemming verleen, byvoorbeeld vader, moeder, ouers, voog, kommissaris van kindersorg, Minister van Binnelandse Sake, regter van die Hooggeregshof, na gelang van die geval,

(ii) Indien een ouer oorlede is, of die uitsluitlike voogdy kragtens 'n hofbevel aan een ouer toegestaan is, moet hierdie feit by "Opmerkings" op die toestemmingsbrief (vormBI-32) verstrek word. (Kyk die voorskrifte op die toestemmingsbrief-vorm BI-32).

(b) In die geval van 'n buite-egtelike minderjarige, skryf "moeder" en by "Opmerkings" op die toestemmingsbrief (vorm BI-32) "buite-egtelik gebore".

(c) Laat blanko indien die persoon 21 jaar of ouer is of indien die persoon onder die ouderdom van 21 jaar is maar voorheen wettig getroud was.

(8) Item 16

Meld die naam van die stad of dorp waar die huwelik bevestig is en die provinsie. Indien die huwelik in die distrik van 'n bepaalde stad of dorp bevestig is, meld die naam van die betrokke stad of dorp.

(9) Item 17

Verstrek die adres waar die egpaar na die huwelik gaan woon.

(10) Item 18—Opmerkings:

(a) Huwelik van wewenaar/weduwee—meld die naam van die oorlede huweliksmaat en die datum van afsterwe, byvoorbeeld M. Pienaar—28-10-1974.

(b) Huwelik van geskeide persoon—meld die naam van die hof en die datum van egskeiding, byvoorbeeld Transvaalse Provinsiale Afdeling—05-06-1983.

(c) Hierdie ruimte mag gebruik word vir ander Opmerkings wat op die huwelik betrekking het. Persoonlike Opmerkings moet op 'n aparte vel papier verstrek word,

(11) Item 19

Die man moet die register in sy gewone handtekening onderteken en die vrou in die van wat sy onmiddellik voor die huwelik gehad het. 'n Persoon wat nie kan skryf nie, moet sy merk maak en die huweliksbevestiger moet die naam van die ondertekenaar en die woorde "sy/haar merk", na gelang van die geval, daarby skryf, byvoorbeeld Jan Smit, X sy merk.

(12) Item 20

Twee getuies wat by die huwelik teenwoordig was, moet insgelyks die huweliksregister in hulle gewone handtekening onderteken.

(13) Item 21

Skryf die dag in syfers, die naam van die maand in woorde en die jaartal in syfers. Hierdie datum moet ooreenstem met die by item 14.

(14) Item 22

Die huweliksbevestiger moet die register in sy gewone handtekening onderteken.

(15) Item 23

'n Kerklike huweliksbevestiger moet sy benoemingsnommer as huweliksbevestiger verstrek.

(16) Item 24

Die huweliksbevestiger se voile name en van moet gemeld word.

(17) Item 25

(a) Verstrek die naam van die kerkgenootskap waartoe die huweliksbevestiger behoort; of

(b) bring die amptelike kantoordatumstempel aan in die geval van 'n *ex* officio-huweliksbevestiger.

(18) Item 26

In die geval van 'n kerklike huweliksbevestiger moet die posadres verstrek word.

(19) Eiendomsregte (slegs ten opsigte van Swartes—dit wil se waar albei partye Swartes is)

Meld slegs—

(a) "gemeenskap van goedere uitgesluit"; of

(b) "in gemeenskap van goedere",

na gelang van die geval.

(20) Huweliksbevestigersertifikaat

Die huweliksbevestiger wat die huwelik voltrek het, moet die sertifikaat onderteken.

BEVESTIGING EN REGISTRASIE VAN 'N HUWELIK

38. Nadruk word daarop gelê dat slegs 'n behoorlik gemagtigde huweliksbevestiger 'n huwelik mag bevestig en dat die bevestiging van 'n huwelik ooreenkomstig die bepalings van die Huwelikswet, 1961, moet geskied

39. 'n Huweliksbevestiger moet voor hy 'n huwelik bevestig, horn daarvan vergewis dat elkeen van die partye tot die huwelik aan die toepaslike wetlike bepalings voldoen het en dat die vereiste dokumente aan horn gelewer is.

40. Nadat die huwelik bevestig is, moet die huweliksbevestiger, die partye by die huwelik en twee bevoegde getuies die huweliksregister (vorm BI-30) en twee afskrifte van die register van sodanige huwelik onderteken voordat hulle die perseel waar die huwelik plaasgevind het, verlaat.

41. (1) Die huweliksbevestiger moet nadat die huweliksregister aldus onderteken is, 'n huweliksertifikaat (vorm BI-27) aan die partye uitreik.

(2) Die huweliksertifikaat moet sonder foute of veranderinge uitgereik word. Indien 'n fout by die uitskryf van die sertifikaat gemaak word, moet dit gekanselleer en 'n nuwe sertifikaat in die plek daarvan uitgereik word. Die gekanselleerde sertifikaat moet vemietig word.

42. (1) Die oorspronklike huweliksregister en die duplikaat van die huweliksregister asook enige dokumente wat op die huwelik betrekking het, as daar is, moet soos wetlik vereis binne DRIE dae vanaf die datum van die huwelik gestuur word aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied die huweliksbevestiger val.

(2) Die triplikaat van die huweliksregister moet in die boek huweliksregisters behou word vir kontrole-doeleindes deur die Departement.

43. (1) Die volgende dokumente, waar van toepassing, moet saam met die oorspronklike huweliksregister en die duplikaat van die huweliksregister ingedien word:

(a) Die verklaring vir doeleindes van 'n huweliksbevestiging—(vorm BI-31).

(b) Die skriftelike toestemming van die ouers, voog, kommissaris van kindersorg, Minister van Binnelandse Sake of regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(c) Enige sertifikaat of dokument vir die doeleindes van 'n huwelik verkry kragtens die Boedelwet, 1965, en enige beedigde verklaring deur 'n party by 'n huwelik aangaande die boedel van 'n afgestorwe eggenoot of eggenote van sodanige party.

(d) Die skriftelike verklaring deur die manlike party ingevolge artikel 22 (3) van Wet 38 van 1927—(vorm BI-168).

(e) Die sertifikaat deur die Kommissaris of landdros kragtens artikel 22 (3) van Wet 38 van 1927—(vormBI-169).

(f) Die verklaring deur die partye ingevolge artikel 22 (6) van Wet 38 van 1927—(vorm BI-170).

(2) Voormelde dokumente, waar toepaslik, moet aan die oorspronklike en duplikaathuweliksregisters vasgespeld of gekram word.

BESTELLING VAN EN BESKIKKING OOR VORMS

44. (1) Die volgende is 'n lys van die vorms wat voorgeskryf word vir die bevestiging en registrasie van huwelike:

(a) Vorm BI-30—Huweliksregister—vir die registrasie van 'n huwelik.

(b) Vorm BI-27—Huweliksertifikaat—moet deur die huweliksbevestiger uitgereik word na die bevestiging van 'n huwelik.

(c) Vorm BI-31—Verklaring vir doeleindes van 'n huweliksbevestiging—moet verstrek word deur die party wat nie 'n identiteitsdokument kan voorlê nie.

(d) Vorm BI-32—Toestemming tot die huwelik van 'n minderjarige—vir gebruik deur die ouer(s) of voog om toestemming tot die huwelik van 'n minderjarige te gee.

(e) Vorm BI-34—Aansoek om die toestemming van 'n kommissaris van kindersorg—vir gebruik deur 'n minderjarige wat die toestemming van 'n kommissaris van kindersorg nodig het. (Hier-die vorm word slegs aan Kommissarisse van kindersorg uitgereik.)

(f) Vorm BI-168—Verklaring deur die manlike party ingevolge artikel 22 (3) van Wet 38 van 1927.

(g) Vorm BI-169-Sertifikaat van 'n Kommissaris of landdros soos bedoel in artikel 22 (3) van Wet 38 van 1927. (Hierdie vorm word nie aan kerklike huweliksbevestigers uitgereik nie.)

(h) Vorm BI-170—Verklaring deur die partye ingevolge artikel 22 (6) van Wet 38 van 1927.

(2) Huweliksbevestigers moet voormelde vorms (uitgesonderd vorm BI-34) skriftelik bestel van die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied die huweliksbevestiger val.

45. Boeke bevattende huweliksregisters en -sertifikate word, in die geval van kerklike huweliksbevestigers, aan die huweliksbevestigers persoonlik uitgereik en elke huweliksbevestiger is verantwoordelik vir die veilige bewaring van die boeke registers en sertifikate wat aan horn uitgereik is. Indien sodanige huweliksbevestiger van die een gemeente na 'n ander verhuis, moet hy sy boeke huweliksregisters en -sertifikate saam met horn neem vir gebruik in sy nuwe gemeente.

46. 'n Kerklike huweliksbevestiger mag sy boeke huweliksregisters en -sertifikate in uitsonderlike gevalle aan 'n ander huweliksbevestiger beskikbaar stel, byvoorbeeld wanneer so 'n huweliksbevestiger van elders kom of indien hy slegs vir 'n bepaalde huwelik as huweliksbevestiger benoem is. Die boeke huweliksregisters en -sertifikate mag egter nie aan 'n ander huweliksbevestiger oorgedra word nie.

47. Wanneer 'n kerklike huweliksbevestiger ophou om huweliksbevestiger te wees, moet hy sy boeke bevattende ongebruikte huweliksregisters en -sertifikate terugstuur aan die streek- of Distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied hy val. Reëlings moet ook getref word dat in die geval van die dood van 'n kerklike huweliksbevestiger sodanige boeke aan die streek- of distriksverteenwoordiger teruggestuur word.

48. (1) In die geval van *ex* Officio-huweliksbevestigers en beamptes in die Staatsdiens wat as huweliksbevestigers benoem is, word die boeke huweliksregisters en -sertifikate aan die kantoor waaraan sodanige huweliksbevestigers verbonde is, uitgereik.

(2) Waar meer as een boek huweliksregisters en -sertifikate aan 'n kantoor uitgereik word, moet sorg gedra word dat die registers en sertifikate deurentyd streng in nommer volgorde gebruik word.

49. (1) Om te verseker dat alle huweliksregisters wat huweliksbevestigers ingestuur het ten opsigte van huwelike wat hulle voltrek het, wel in die Departement ontvang is, is dit noodsaaklik dat die triplikaathuweliksregisters met die rekords van die Departement gekontroleer word.

(2) Kerklike huweliksbevestigers moet derhalwe, wanneer hulle aansoek doen om 'n nuwe boek huweliksregisters, die gebruikte boek bevattende die triplikaathuweliksregisters indien by die streek- of distrikskantoor van Binnelandse Sake in wie se gebied die huweliksbevestiger val. Die betrokke kantoor sal, nadat die triplikaatregisters gekontroleer is, die boek aan die huweliksbevestiger terugstuur, wat dan na goeddunke oor die triplikaatregisters kan beskik.

(3) In die geval van landdros- en ander staatskantore waar huwelike voltrek word, moet die gebruikte boeke bevattende die triplikaathuweliksregisters insgelyks gestuur word aan die streek- of distrikskantoor van Binnelandse Sake in wie se gebied die kantoor val.

UITREIKING VAN SERTIFIKATE

50. Huweliksbevestigers is gemagtig om slegs by die voltrekking van 'n huwelik 'n huweliksertifikaat (BI-27) ten opsigte van daardie huwelik uit te reik. Indien die partye verdere huweliksertifikate verlang, kan hulle by enige streek- of distrikskantoor van Binnelandse Sake daarom aansoek doen. Partye kan ook op eie koste afdrukke van die sertifikaat maak.

51. (1) Die aandag word daarop gevestig dat die vrou se nooiensvan op die huweliksertifikaat (BI-27) verstrek moet word ongeag of sy voorheen wettig getroud was en onder haar getroude van bekend is.

(2) Die datum van uitreiking van die huweliksertifikaat (BI-27) moet dieselfde wees as die datum waarop die huwelik voltrek is.

OORDRA VAN DIE ADMIMSTRASIE VAN DIE HUWELIKSWET, 1961, AAN DIE ADMIMSTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA

52. (1) Die aandag word daarop gevestig dat ingevolge Proklamasie AG17, gepubliseer in *Suidwes-Afrika Offisiele Koerant* 3721 van 30 Maart 1978, die administrasie van die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961), in die gebied Suidwes-Afrika regtens aan die Administrasie van Suidwes-Afrika oorgedra is.
(2) In oorleg met die betrokke owerhede in Suidwes-Afrika is die administrasie van die Huwelikswet en alle aangeleenthede wat daarmee verband hou, met ingang van 1 Maart 1986 administratief aan die Administrasie van Suidwes-Afrika oorgedra.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

PRETORIA

DATUM: MAART 1987

BYLAE A

HUWELIKSWET, NO. 25 VAN 1961

[GOEDGEKEUR OP 19 APRIL 1961] [DATUM VAN INVOERING: 1 JANUARIE 1962]

(Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken)

soos gewysig by

Huwelikswysigingswet, No. 11 van 1964
Huwelikswysigingswet, No. 19 van 1968
Wysigingswet op Huwelike, No. 51 van 1970
Wysigingswet op Huwelike, No. 26 van 1972
Wysigingswet op Huwelike, No. 12 van 1973
Huwelikswysigingswet, No. 45 van 1981
Wet op Huweliksgoedere, No. 88 van 1984
Wysigingswet op Huwelike, Geboortes en Sterfgevalle, No. 41 van 1986

WET

TOT SAMEVATTING EN WYSIGING VAN DIE WETTE MET BETREKKING TOT DIE VOLTREKKING VAN HUWELIKE EN AANGELEENTHEDE WAT DAARMEE IN VERBAND STAAN

1. *Woordomskrywing.—Tensy* uit die samehang anders blyk beteken in hierdie Wet—

"huweliksbevestiger" iemand wat uit hoofde van die bepalings van hierdie Wet 'n huweliksbevestiger is;

"Kommissaris" ook 'n Addisionele Kommissaris, 'n Assistent-kommissaris, 'n Naturellekommissaris, 'n addisionele Naturellekommissaris en 'n assistent Naturellekommissaris;

[Omskrywing van "Kommissaris" vervang by artikel 1 (a) van Wet 51 van 1970.]

"landdros" ook 'n addisionele landdros en 'n assistent-landdros;

"Minister" die Minister van Binnelandse Sake;

[Omskrywing van "Minister" vervang by artikel 1 (b) van Wet 51 van 1970 en gewysig by artikel 1 van Wet 41 van 1986.]

"voorgeskrewe" voorgeskryf deur hierdie Wet of by regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig;

"vorige wet" 'n wet by hierdie Wet of die Wysigingswet op Huwelike, 1970, herroep, of 'n bepaling van 'n wet wat by proklamasie kragtens artikel 39 (5) verklaar is nie langer van toepassing te wees nie.

[Omskrywing van "vorige wet" vervang by artikel 1 (c) van Wet 51 van 1970.]

2. *Huweliksbevestigers ex officio, en benoeming van persons in diens van die Staat as huweliksbevestigers.—*
(1) Iedere landdros, spesiale vrederegter en Kommissaris is uit hoofde van sy amp en so lank hy die amp beklee, 'n huweliksbevestiger vir die distrik of ander gebied ten opsigte waarvan hy sy amp beklee.
(2) Die Minister en 'n beampte in die Staatsdiens deur horn daartoe gemagtig, kan 'n beampte of werknemer in die Staatsdiens of die diplomatieke of konsulêre diens van die Unie uit hoofde van sy amp en so lank hy die amp beklee, as huweliksbevestiger benoem, of in die algemeen of vir 'n bepaalde bevolkingsgroep of katagorie persone of land of gebied.

[Sub-artikel (2) gewysig by artikel 2 van Wet 51 van 1970.]

3. *Benoeming van leraars en ander persone verbonde aan kerke as huweliksbevestigers.* —(1) Die Minister en 'n beampte in die Staatsdiens deur horn daartoe gemagtig, kan 'n leraar van, of iemand wat 'n verantwoordelike posisie beklee in, 'n godsdienstige denominasie of organisasie, as huweliksbevestiger vir die voltrekking van huwelike ooreenkomstig Christelike, Joodse of Mohammedaanse gebruik of die gebruik van enige Indiese geloof benoem vir so lank hy so 'n leraar is of so 'n posisie beklee.

(2) 'n Benoeming kragtens sub-artikel (1) kan die bevoegdheid van so 'n leraar of persoon verder beperk tot die voltrekking van huwelike—

(a) in 'n bepaalde gebied;
(b) vir 'n bepaalde tydperk; en
(c) tussen persone wat aan 'n bepaalde bevolkingsgroep behoort.

[Paragraaf(c) gewysig by artikel 3 van Wet 51 van 1970.]

4. *Hoe benoeming as huweliksbevestiger geskied.* —Iedere benoeming vir iemand as 'n huweliksbevestiger moet by wyse van skriftelike stuk geskied, en die datum vanaf wanneer dit van krag is en enige beperking waaraan dit onderworpe is, moet in die stuk vermeld word.

5. *Huweliksbevestigers kragtens wette deur hierdie Wet herroep* — 11 Behoudens die bepalings van sub-artikel (3), behou iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie We; of van die Wysigingswet op Huwelike, 1970, kragtens die bepalings van 'n vorige wet gemagtig is om enige huwelike te voltrek, die bevoegdheid om

sodanige huwelike te voltrek asof die vorige wet nie herroep is nie. maar moet die bevoegdheid ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet uitoefen.

[Sub-artikel (l)vervang by artikel 4 (a) van Wet 51 van 1970]

(2) So iemand word geag 'n huweliksbevestiger kragtens hierdie Wet benoem te gewees het.

(3) So iemand wie se magtiging om enige huwelike in die Republiek te voltrek, by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Huwelike, 1970, nie tot 'n bepaalde gebied beperk is nie, word geag om ook as huweliksbevestiger vir die voltrekking van huwelike in die gebied Suidwes-Afrika benoem te gewees het, en so iemand wie se magtiging om enige huwelike in genoemde gebied te voltrek, by bedoelde inwerkingtreding nie tot 'n bepaalde gebied beperk is nie, word geag om ook as huweliksbevestiger vir die voltrekking van huwelike in die Republiek benoem te gewees het.

[Sub-artikel (3) bygevoeg by artikel 4 (b) van Wet 51 van 1970.]

6. *Sekere persone word in sekere omstandighede geag huweliksbevestigers te gewees het. —*

(1) Wanneer iemand as huweliksbevestiger opgetree het gedurende 'n tydperk of in 'n gebied ten opsigte waarvan hy nie kragtens hierdie Wet of 'n vorige wet 'n huweliksbevestiger was nie, en die Minister, of 'n beampte in die Staatsdiens deur die Minister daartoe gemagtig, oortuig is dat so iemand aldus opgetree het terwyl hy te goedertrou gemeen het dat hy 'n huweliksbevestiger gedurende die tydperk of in die gebied was, kan hy skriftelik gelas dat so iemand vir alle doeleindes geag word 'n huweliksbevestiger gedurende die tydperk of in die gebied te gewees het en behoorlik as sulks kragtens hierdie Wet of so 'n vorige wet, na gelang van die geval, benoem te gewees het.

(2) Wanneer iemand ten opsigte van 'n huwelik as huweliksbevestiger opgetree het terwyl hy nie 'n huweliksbevestiger was nie, en altwee partye by daardie huwelik te goedertrou gemeen het dat so iemand inderdaad 'n huweliksbevestiger was, kan die Minister, of 'n beampte in die Staatsdiens deur hom daartoe gemagtig, nadat hy die ondersoek wat hy goed vind, ingestel het, skriftelik gelas dat so iemand vir alle doeleindes geag word behoorlik as huweliksbevestiger ten opsigte van daardie huwelik benoem te gewees het.

(3) 'n Huwelik wat voltrek is deur iemand wat ingevolge hierdie artikel geag moet word behoorlik as huweliksbevestiger benoem te gewees het, is, mits die huwelik in elke ander opsig voltrek is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet of 'n vorige wet, na gelang van die geval, en daar regtens geen beletsel daarteen was nie, net so geldig en bindend as wat dit sou gewees het indien so iemand behoorlik as huweliksbevestiger benoem was.

(4) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê nie dat dit iemand ten opsigte van wie 'n bevel daarkragtens uitgereik is, vrywaar teen vervolging weens 'n misdryf deur hom gepleeg.

(5) Iemand wat as huweliksbevestiger ten opsigte van 'n huwelik optree, moet 'n sertifikaat op die voorgeskrewe vorm voltooi waarin hy verklaar dat hy ten tyde van die voltrekking van die huwelik uit hoofde van die bepalings van hierdie Wet of 'n vorige Wet bevoeg was om daardie huwelik te voltrek.

[Artikel 6 vervang by artikel Ivan Wet 45 van 1981.]

7. *Uitwerking van benoeming van sekere leraars as huweliksbevestigers.*—'n Leraar wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet as huweliksbevestiger benoem is of word so lank hy leraar is van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Kaap, of van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, of van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, of van die eertydse Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Transvaal, of van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, word vanaf die datum van die benoeming maar behoudens die bepalings van hierdie Wet, geag 'n huweliksbevestiger te gewees het of te wees so lank hy 'n leraar van enige van genoemde kerke gebly het of bly.

8. *Verandering van naam van godsdienstige denominasie of organisasie en vereniging van godsdienstige denominasies of organisasies. —*

(1) Indien 'n godsdienstige denominasie of organisasie die naam verander waaronder hy bekend was of met 'n ander godsdienstige denominasie of organisasie verenig, het die naamsverandering of vereniging geen uitwerking nie op die benoeming van iemand as 'n huweliksbevestiger uit hoofde van die feit dat hy 'n amp of posisie in enige sodanige godsdienstige denominasie of organisasie beklee het.

(2) Indien onder omstandighede in sub-artikel (1) bedoel 'n godsdienstige denominasie of organisasie die naam verander waaronder hy bekend was of met 'n ander godsdienstige denominasie of organisasie verenig, moet hy die Minister onverwyld daarvan in kennis stel.

9. *Intrekking van benoeming as, of bevoegdheid van, huweliksbevestiger, en beperking van bevoegdheid van huweliksbevestiger. —*

(1) Die Minister of 'n beampte in die Staatsdiens deur horn daartoe gemagtig, kan op grond van wangedrag of om enige ander voldoende rede die benoeming van iemand as 'n huweliksbevestiger of die bevoegdheid van iemand anders om huwelike te voltrek kragtens hierdie Wet, skriftelik intrek, of in die opsig wat hy goedvind die bevoegdheid van 'n huweliksbevestiger of kategorie huweliksbevestigers om huwelike te voltrek kragtens hierdie Wet, skriftelik beperk.

(2) Enige stappe deur 'n beampte in die Staatsdiens kragtens sub-artikel (1) gedoen, kan deur die Minister ter syde gestel word.

10. *Voltrekking van huwelike in land buite die Unie.*—(1) Iemand wat kragtens die bepalings van hierdie Wet gemagtig is om enige huwelike in 'n land buite die Unie te voltrek—

(a) kan so 'n huwelik slegs aldus voltrek indien die partye daarby altwee Suid-Afrikaanse burgers is wat in die Unie gedomisilieer is; en

(b) moet so 'n huwelik ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet voltrek.

(2) 'n Huwelik wat aldus voltrek is, word vir alle doeleindes geag voltrek te gewees het in die provinsie van die Unie waarin die manlike party daarby gedomisilieer is.

11. *Ongemagtigde voltrekking van huwelikseremonies verbode.* —(1) 'n Huwelik kan slegs deur 'n huweliksbevestiger voltrek word.

(2) 'n Huweliksbevestiger wat 'n huwelik heet te voltrek wat hy nie kragtens hierdie Wet gemagtig is om te voltrek nie of wat sover hy weet regtens verbode is, en iemand wat nie 'n huweliksbevestiger is nie, wat 'n huwelik heet te voltrek, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R400 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met di6 boete sowel as die gevangenisstraf.

(3) Die bepalings van sub-artikel (2) is nie van toepassing nie op 'n huwelikseremonie wat ooreenkomstig die gebruik of formuliere van een of ander geloof voltrek word, indien di6 seremonie nie 'n geldige huwelik heet tot stand te bring nie.

12. *Verbod op huweliksbevestiging sonder voorlegging van identiteitsdokument of voorgeskrewe verklaring.* —Geen huweliksbevestiger mag 'n huwelik voltrek nie tensy—

(a) elkeen van die betrokke partye sy of haar identiteitsdokument uitgereik kragtens die bepalings van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), of die Wet op Identiteitsdokumente in Suidwes-Afrika, 1970, aan die huweiiksbevestiger voorlê; of

(b) elkeen van die partye die voorgeskrewe beëdigde verklaring aan die huweliksbevestiger verstrek; of

(c) een van die partye sy of haar identiteitsdokument soos bedoel in paragraaf (a) aan die huweliksbevestiger voorlê en die ander 'n beedigde verklaring soos bedoel in paragraaf (b) aan die huweliksbevestiger verstrek.

[Artikel 12gewysigby artikel 1 (1) van Wet 11 van 1964envervangby artikcl5 van Wet 51 van 1970.]

13 en 14.....

[Artikels 13 en 14 herroep by artikel 6 van Wet 51 van ;970.]

15. .....

[Artikel 15 gewysig by artikel 2 van Wet 11 van 1964enherroepbyArtikel6vanWet51 van 1970.]

16. .....

(Artikel 16 vervang by artikel 1 van Wet 19 van 1968 en herroep by artikel 6 van Wet 51 van 1970.]

17 en 18.....

[Artikels 17 en 18 herroep by artikel 6 van Wet 51 van 1970.]

19.....

[Artikel 19 gewysig by artikel 2 van Wet 19 van 1968 en herroep by artikel 6 van Wet 51 van 1970.]

20en21. .....

[Artikels 20 en 21 herroep by artikel 6 van Wet 51 van 1970.]

22. *Onreëlmatige by afkondiging van gebooie of publikasie van kennisgewing van voorneme om te trou of by uitreiking van spesiale huwelikslisensies.* —Indien in die geval van 'n huwelik voltrek v66r die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Huwelike, 1970, die bepalings van die een of ander wet met betrekking tot die afkondiging van gebooie of die publikasie van kennisgewing van voorneme om te trou of met betrekking tot die uitreiking van spesiale huwelikslisensies, of die toepaslike bepalings van 'n wet van 'n land buite die Unie met betrekking to; die afkondiging van gebooie of die publikasie van kennisgewing van voorneme om te trou, nie stiptelik nagekom, is nie, maar di6 huwelik in elke ander opsig voltrek is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet of, na gelang van die geval, 'n vorige wet, is di6 huwelik, mits daar regtens geen ander beletsel daarteen was nie en mits die huwelik nie deur 'n bevoegde hof ontbind of nietig verklaar is nie en mits voorts geen van die partye by di6 huwelik na die huwelik en tydens die lewe van die ander party reeds 'n ander wettig getrou het nie, net so geldig en bindend as wat dit sou gewees het indien genoemde bepalings stiptelik nagekom is.

[Artikel 22 vervang by artikel 3 van Wet 19 van 1968, gewysig by artikel van Wet 51 van 1970 en vervang by artikel 1 van Wet 26 van 1972.]

23. *Beware teen huwelik.* —(1) Iemand wat verlang om beswaar teen 'n voorgenome huwelik te maak, moet die beswaar skriftelik indien by die huweliksbevestiger wat die huwelik gaan voltrek.

(2) By ontvangs van so 'n beswaar moet die betrokke huweliksbevestiger ondersoek instel na die gronde van die beswaar, en indien hy oortuig is dat daar regtens geen beletsel teen die voorgenome huwelik is nie, kan hy die huwelik ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet voltrek.

(3) Indien hy nie aldus oortuig is nie, moet hy weier om die huwelik te voltrek.

[Artikel 23 vervang by artikel 8 van Wet 51 van 1970.]

24. *Huwelike van minderjariges.* —(1) Geen huweliksbevestiger mag 'n huwelik voltrek nie tussen partye van wie een of altwee minderjariges is tensy die toestemming aan die party of partye wat regtens vir die aangaan van die huwelik vereis word, verleen en op skrif aan horn verstrek is.

(2) By die toepassing van sub-artikel (1) beteken 'n minderjarige nie ook iemand nie wat onder die ouderdom
van 21 jaar is en vantevore 'n wettige huwelik aangegaan net wat deur die dood of egskeiding ontbind is.

24A. *Gevolge en ontbinding van huwelik weens gebrek aan toestemming van ouers of voog.*—(1) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet of die gemene reg is 'n huwelik tussen persone van wie een of albei minderjarig is, nie nietig bloot omrede die ouers of voog van die minderjarige, of 'n kommissaris van kindersorg wie se toestemming regtens vir die aangaan van 'n huwelik vereis word, nie tot die huwelik toegestem het nie, maar kan dit deur 'n bevoegde hof op grond van die gebrek aan toestemming ontbind word indien aansoek om die ontbinding van die huwelik gedoen word—

(a) deur 'n ouer of voog van die minderjarige voordat hy meerderjarigheid bereik en binne ses weke vanaf die datum waarop die ouer of voog van die bestaan van die huwelik bewus word; of

(b) deur die minderjarige voordat hy meerderjarigheid bereik of binne drie maande daarna.

(2) 'n Hof staan 'n aansoek ingevolge sub-artikel (1) nie toe nie tensy hy oortuig is dat die ontbinding van die huwelik in die belang van die minderjarige of minderjariges is.

[Artikel 24A ingevoeg by artikel 34 van Wet 88 van 1984.]

25. *Wanneer toestemming van ouers of voog van minderjarige nie verkry kan word nie.* —(1) Wanneer 'n kommissaris van kindersorg soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kindersorg, 1983, na behoorlike ondersoek oortuig is dat 'n minderjarige wat woonagtig is in die distrik of gebied ten opsigte waarvan hy sy amp beklee, nie 'n ouer of voog het nie of om die een of ander voldoende rede nie in staat is om die toestemming van sy ouers of voog te verkry om in die huwelik te tree nie, kan die kommissaris van kindersorg na goeddunke skriftelik toestemming aan die minderjarige verleen om met 'n bepaalde persoon te trou, maar so 'n kommissaris van kindersorg mag sy toestemming nie verleen nie indien die een of die ander ouer van die minderjarige wie se toestemming regtens vereis word of sy voog weier om toestemming tot die huwelik te verleen.

[Sub-artikel (1) vervang by artikel 62 van Wet 74 van 1983]

(2) Voordat 'n kommissaris van kindersorg sy toestemming tot 'n huwelik kragtens sub-artikel (1) verleen, moet hy ondersoek instel of dit in belang van die betrokke minderjarige is dat die partye by die voorgenome huwelik 'n huweliksvoorwaardekontrak moet aangaan, en indien hy oortuig is dat dit die geval is, mag hy nie sy toestemming tot die voorgenome huwelik verleen nie alvorens sodanige kontrak aangegaan is, en moet hy aan genoemde minderjarige bystand verleen by die verlyding van genoemde kontrak.

(3) 'n Kontrak aldus aangegaan, word geag aangegaan te gewees het met die bystand van die ouer of voog van genoemde minderjarige.

(4) Indien die betrokke ouer, voog of kommissaris van kindersorg weier om tot 'n huwelik van 'n minderjarige toe te stem, kan sodanige toestemming op aansoek deur 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika verleen word: Met dien verstande dat so 'n regter nie sodanige toestemming verleen nie tensy hy van oordeel is dat die weiering van toestemming deur die ouer, voog of kommissaris van kindersorg sonder genoegsame rede en teen die belange van die minderjarige is.

26. *Verbod op huwelik van persone benede sekere leeftye.* —(1) Geen seun benede die ouderdom van 18 jaar en geen meisie benede die ouderdom van 15 jaar is bevoeg om 'n geldige huwelik aan te gaan nie, behalwe met skriftelike verlof van die Minister, of 'n beampte in die Staatsdiens deur horn daartoe gemagtig, wat hy kan verleen in 'n bepaalde geval waar hy so 'n huwelik as wenslik beskou: Met dien verstande dat sodanige verlof die partye by die voorgenome huwelik nie vrystel nie van die verpligting om aan alle ander regsvoorskrifte te voldoen:
Met dien verstande voorts dat sodanige verlof nie nodig is nie indien weens sodanige ander voorskryf die toestemming van 'n regter of hot met regsbevoegdheid ten opsigte van die aangeleentheid nodig is en verleen is,

(2) Indien iemand in sub-artikel (1) bedoel wat nie bevoeg was om 'n geldige huwelik sender die skriftelike verlof van die Minister of 'n beampte in die Staatsdiens deur horn daartoe gemagtig, ingevolge hierdie Wet of 'n vorige wet aan te gaan nie, 'n huwelik sender sodanige verlof aangegaan het, en die Minister of bedoelde beampte, na gelang van die geval, die huwelik as wenslik en in belang van die betrokke partye beskou, kan hy, mits die huwelik in elke ander opsig ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet, of na gelang van die geval, 'n vorige wet voltrek is, en daar regtens geen ander beletsel daarteen was nie, skriftelik gelas dat dit vir alle doeleindes 'n geldige huwelik is.

(3) Indien die Minister of 'n beampte in die Staatsdiens deur horn daartoe gemagtig, aldus gelas, word daar geag dat hy voor die voltrekking van die huwelik skriftelike verlof daartoe verleen het.

[Artikel 26 gewysig by artikel 9 van Wet 51 van 1970 en vervang by artikel 2 van Wet 45 van 1981.]

27. *Bewys van ouderdom van partye by voorgenome huwelik.* —Indien partye voor 'n huweliksbevestiger verskyn om 'n huwelik met mekaar aan te gaan en die huweliksbevestiger redelikerwys vermoed dat die een of ander van hulle se ouderdom sodanig is dat dit hom of haar belet om 'n geldige huwelik sonder die toestemming of verlof van iemand anders aan te gaan, kan hy weier om 'n huwelik tussen hulle te voltrek tensy hy voorsien

word van die toestemming of verlof op skrif of van bevredigende bewys waaruit blyk dat die betrokke party geregtig is om 'n huwelik sonder sodanige toestemming of verlof aan te gaan.

28. *Huwelik tussen iemand en verwante van sy of haar oorlede of geskeie gade.*—Ondanks andersluidende regsbepalings is dit geoorloof dat—

(a) 'n wewenaar trou met die suster van sy oorlede vrou of met 'n vrouepersoon wat aan horn deur sy oorlede vrou verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die suster van sy oorlede vrou, behalwe 'n voorouer of afstammeling van die oorlede vrou;

(b) 'n weduwee trou met die broer van haar oorlede man of met 'n manspersoon wat aan haar deur haar oorlede man verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die broer van haar oorlede man, behalwe 'n voorouer of afstammeling van die oorlede man;

(c) 'n man trou met die suster van 'n persoon van wie hy geskei is of met 'n vrouepersoon wat aan horn deur genoemde persoon verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die suster van die persoon, behalwe 'n voorouer of afstammeling van die persoon; en

(d) 'n vrou trou met die broer van 'n persoon van wie sy geskei is of met 'n manspersoon wat aan haar deur genoemde persoon verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die broer van di6 persoon, behalwe 'n voorouer of afstammeling van die persoon.

29. *Tyd en pick vir en teenwoordigheid van party e en getuies by voltrekking van huwelik en geldigverklaring van sekere huwelike.* —(1) 'n Huweliksbevestiger kan 'n huwelik te eniger tyd op enige dag van die week voltrek

maar is nie verplig om 'n huwelik op enige ander tyd as tussen agt uur voormiddag en vier uur namiddag te voltrek nie.

(2) 'n Huweliksbevestiger moet 'n huwelik voltrek in 'n kerk of ander gebou wat vir godsdiensoefening gebruik word of in 'n openbare kantoor of private woonhuis, met oop deure en in die teenwoordigheid van die partye self en minstens twee bevoegde getuies, maar die voorgaande bepalings van hierdie sub-artikel word nie so uitgelê nie dat dit 'n huweliksbevestiger verbied om 'n huwelik in 'n ander as 'n daarin genoemde plek te voltrek indien die huwelik weens die ernstige of langdurige siekte of die ernstige liggaamlike besering van een of albei van die partye in daardie ander plek voltrek moet word.

(3) Iedere huwelik—

(a) wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Oranje-Vrystaat of die Transvaal voltrek is in 'n ander plek as die wat by 'n vorige wet bepaal is as 'n plek waar by die toepassing van daardie wet 'n huwelik voltrek moet word; of

(b) wat voor die inwerkingtreding van die Huwelikswysigingswet, 1968, weens die ernstige of langdurige siekte of die ernstige liggaamlike besering van een of albei van die partye in 'n ander plek voltrek is as die wat by sub-artikel (2) van hierdie artikel bepaal is as 'n plek waar by die toepassing van hierdie Wet 'n huwelik voltrek moet word, is, mits die huwelik nie deur 'n bevoegde hof ontbind of nietig verklaar is nie en mits voorts geen van die partye by die huwelik na die huwelik en tydens die lewe van die ander party reeds *n ander wettig getrou het nie, net so geldig en bindend as wat dit sou gewees het indien dit voltrek was in 'n plek daarvoor bepaal by die toepaslike bepalings van die vorige wet of, na gelang van die geval, van hierdie Wet.

(4) Niemand is bevoeg om kragtens die bepalings van hierdie Wet deur middel van iemand anders wat as sy verteenwoordiger optree, 'n geldige huwelik aan te gaan nie.

[Artikel 29 vervang by artikel 4 van Wet 19 van 1968.]

"Registrasie van huwelike 29A.

(1) Die huweliksbevestiger wat 'n huwelik voltrek. Die partye daarby en twee bevoegde getuies moet die betrokke huweliksregister onmiddellik na voltrekking van sodanige huwelik onderteken.

(2) Die huweliksbevestiger stuur die huweliksregister en betrokke stukke. na gelang van die geval. onverwyld aan 'n streek-of Distriksverteenwoordiger kragtens artikel 21(1) van die Wet op Identifikasie. 1966 (Wel No. 72 van 1986), as sodanig aangewys "

30. *Huweliksformulier.—(\)* By die voltrekking van 'n huwelik kan 'n huweliksbevestiger wat kragtens artikel 3 benoem is, die huweliksformulier volg wat gewoonlik deur sy godsdienstige denominasie of organisasie nagekom word indien daardie huweliksformulier deur die Minister goedgekeur is, maar indien bedoelde huweliksformulier nie deur die Minister goedgekeur is nie, of in die geval van 'n ander huweliksbevestiger, moet die betrokke huweliksbevestiger aan elkeen van die partye die volgende vrae afsonderlik stel, waarop elkeen van hulle bevestigend moet antwoord:

> "Verklaar jy, A.B., dat sover jy weet daar regtens geen beletsel is nie teen jou voorgenome huwelik met C.D. hier teenwoordig, en dat jy almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat jy C.D. tot jou wettige vrou (of man) neem?",

en daarop moet die partye mekaar die regterhand gee, en die betrokke huweliksbevestiger moet die huwelik met die volgende woorde as voltrek verklaar:

> "Ek verklaar dat A.B. en C.D. hier teenwoordig regtens getroud is.".

[Sub-artikel (1) vervang by artikel 1 van Wet 12 van 1973.1

(2) Behoudens die bepalings van sub-artikel (1), kan 'n huweliksbevestiger, indien hy 'n leraar is of iemand wat 'n verantwoordelike posisie in 'n godsdienstige denominasie of organisasie beklee, by die voltrekking van 'n huwelik die gebruik volg wat gewoonlik nagekom word deur sy godsdienstige denominasie of organisasie.

(3) Indien die bepalings van hierdie artikel of 'n vorige wet met betrekking tot die vrae wat afsonderlik aan elkeen van die partye gestel moet word of tot die verklaring waarby 'n huwelik as voltrek verklaar moet word of tot die vereiste dat die partye mekaar die regterhand moet gee, nie stiptelik nagekom is nie weens—

(a) 'n fout versuim of oorsig te goedertrou begaan deur die huweliksbevestiger; of

(b) 'n fout, versuim of oorsig deur die partye te goedertrou begaan of weens die liggaamlike ongeskiktheid van een of albei van die partye,

maar die huwelik in elke ander opsig voltrek is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet of, na gelang van die geval, 'n vorige wet, is die huwelik, mits daar regtens geen ander beletsel daarteen was nie en mits voorts, indien die huwelik voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Huwelike, 1970 (Wet 51 van 1970), voltrek is, die huwelik nie deur 'n bevoegde hof ontbind of nietig verklaar is nie en geen van die partye by die huwelik na die huwelik en tydens die lewe van die ander party reeds 'n ander wettig getrou het nie, net so geldig en bindend as wat dit sou gewees het indien genoemde bepalings stiptelik nagekom is.

[Artikel 30 vervang by artikel 10 van Wet 51 van 1970. Sub artikel (3) bygevoeg by artikel 2 van Wet 26 van 1972.]

31. *Sekere huweliksbevestigers kan weier om sekere huwelike te voltrek.*—Die bepalings van hierdie Wet word nie so uitgelê nie dat dit 'n huweliksbevestiger wat 'n leraar is of iemand wat 'n verantwoordelike posisie beklee in 'n godsdienstige denominasie of organisasie, verplig om 'n huwelik te voltrek wat nie ooreenkomstig die gebruike, formuliere, leerstellinge, dogmas of dissipline van sy godsdienstige denominasie of organisasie sal wees me.

32. *Gelde betaalbaar aan huweliksbevestigers.* —(1) Geen huweliksbevestiger mag enige gelde, geskenk of vergoeding vra of ontvang nie vir of omrede van enigiets deur hom as huweliksbevestiger ingevolge hierdie Wet gedoen: Met dien verstande dat 'n leraar of iemand wat 'n verantwoordelike posisie beklee in 'n godsdienstige denominasie of organisasie, vir of omrede van so iets deur horn gedoen—

(a) sodanige gelde of betalings kan ontvang as wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gewoonlik aan so 'n leraar of persoon ingevolge die reels en regulasies van sy godsdienstige denominasie of organisasie betaal is vir of omrede van so iets wat deur horn ingevolge 'n vorige wet gedoen is; of

(b) die voorgeskrewe gelde kan ontvang.

(2) 'n Huweliksbevestiger wat die bepalings van sub-artikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

33. *Inseening van 'n huwelik,*—Nadat 'n huwelik deur 'n huweliksbevestiger voltrek is, kan 'n leraar of iemand wat 'n verantwoordelike posisie in 'n godsdienstige denominasie of organisasie beklee, die huwelik ooreenkomstig die gebruik van sy godsdienstige denominasie of organisasie inseën.

34. *Godsdiensreëls en -regulasies.*—Die bepalings van hierdie Wet belet nie—

(a) die uitvaardiging deur 'n godsdienstige denominasie of organisasie van reels of regulasies, in verband met die godsdienstige inseëning van huwelike, wat in ooreenstemming is met die godsdienstige opvattinge van die denominasie of organisasie of die uitoefening van kerkdissipline in so 'n geval; of

(b) die ontvangs deur iemand van gelde wat deur so 'n godsdienstige denominasie of organisasie vir die inseening van 'n huwelik gevra word,

mits die uitoefening van bedoelde bevoegdheid nie in stryd met die burgerlike regte en pligte van iemand is nie.

35. *Strawwe vir voltrekking van huwelik in stryd met die bepalings van hierdie Wet.*—'n Huweliksbevestiger wat wetens 'n huwelik in stryd met die bepalings van hierdie Wet voltrek, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

36. *Strawwe vir valse voorstellings of verklarings.*—Iemand wat vir die doeleindes van hierdie Wet 'n valse voorstelling doen of 'n valse verklaring aflê terwyl hy weet dat dit vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat regtens vir meineed voorgeskryf is.

37. *Misdrywe buite die Unie gepleeg.* —Indien iemand 'n bepaling van hierdie Wet in 'n land buite die Unie oortree, moet die Minister van Justisie bepaal waiter hof in die Unie so iemand moet verhoor weens die misdryf wat daardeur gepleeg is, en die hot is daarop regsbevoeg om die persoon aldus te verhoor, en vir alle doeleindes wat in verband staan met of voortspruit uit die verhoor van so iemand, word die misdryf geag gepleeg te gewees het in die regsgebied van die hof.

38. *Regulasies.*—(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

(a) die vorm en inhoud van sertifikate, kennisgewings en beedigde of ander verklarings vir die doeleindes van hierdie Wet;

(b) die gelde wat betaalbaar is vir 'n sertifikaat uitgereik of ander handeling verrig ingevolge hierdie Wet,

en, oor die algemeen, betreffende enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word of wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf sodat die doeleindes van hierdie Wet bereik kan word of die bepalings van hierdie Wet op doelmatige wyse uitgevoer kan word.

[Sub-artikel (1) gewysig by artikel 11(1) (a) van Wet 51 van 1970.]

(2) Sodanige regulasies kan vir 'n oortreding daarvan strawwe voorskryf wat, in die geval van 'n boete, nie R50 of, in die geval van gevangenisstraf, nie 'n tydperk van drie maande te bowe gaan nie.

(3) Verskillende en afsonderlike regulasies kan kragtens sub-artikel (1) ten opsigte van verskillende gebiede of ten opsigte van persone wat tot verskillende bevolkingsgroepe behoort, uitgevaardig word, en regulasies uitgevaardig kragtens sub-artikel (1) (b) word uitgevaardig in oorleg met die Minister van Finansies.

[Sub-artikel (3) bygevoeg by artikel 11 (1) (b) van Wet 51 van 1970,]

38A.....

[Artikel 38A ingevoeg by artikel 12 van Wet 51 van 1970 en herroep by artikel 2 van Wet 41 van 1986.]

39. *Wetsherroeping en voorbehoud.*—(1) Behoudens die bepalings van sub-artikels (2) tot en met (5) word die wette in die Bylae vermeld hierby herroep vir sover in die vierde kolom daarvan uiteengesit, behalwe vir sover hulle in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing is.

(2) Enigiets gedoen kragtens 'n bepaling van 'n wet by sub-artikel (1) herroep, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet (indien daar is) gedoen te gewees het.

(3) 'n Huwelik wat geldig verklaar is deur of geldig is ingevolge 'n wet by sub-artikel (1) herroep, word nie deur sodanige herroeping geraak nie.

(4) 'n Bepaling van 'n wet by sub-artikel (1) herroep wat slegs ten opsigte van Nie-Blankes of 'n bepaalde kategorie Nie-Blankes van toepassing is, bly, ondanks die bepalings van hierdie Wet, maar behoudens die bepalings van sub-artikel

(5), van toepassing ten opsigte van 'n Swarte en 'n Asiaat ten opsigte van wie dit van toepassing is.

[Artikel 39 gewysig by artikel 3 van Wet 41 van 1986.1

39A. *Toepassing van Wet op die gebied Suidwes-Afrika, en herroeping van wette van daardie gebied.* —

(1) Hierdie Wet en 'n wysiging daarvan is ook in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, van toepassing.

(2) 'n Verwysing in hierdie Wet na "Unie" of "provinsie van die Unie" word geag 'n verwysing na die gebied Suidwes-Afrika in te sluit.

(3) Die Huweliksordonnansie, 1963 (Ordonnansie 33 van 1963), artikels 16 en 17 van die Algemene Regswysigingsordonnansie, 1965 (Ordonnansie 36 van 1965), en die Huwelikswysigingsordonnansie, 1967 (Ordonnansie 18 van 1967), van die gebied Suidwes-Afrika, word hierby herroep.

(4) Enigiets gedoen kragtens 'n bepaling van 'n wet by sub-artikel (3) herroep, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet (indien daar is) gedoen **te** gewees het.

(5) 'n Huwelik wat geldig verklaar is deur of geldig is ingevolge 'n wet by sub-artikel (3) herroep, word nie deur sodanige herroeping, geraak nie.

[Artikel 39A ingevoeg by artikel 13 van Wet 51 van 1970.]

40. *Kort titel en inwerkingtreding.* —Hierdie Wet heet die Huwelikswet, 1961, en tree in werking op 'n datum wat die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

BYLAE B

REGULASIES KRAGTENS DIE HUWELIKSWET, 1961 (WET 25 VAN 1961)

Die Minister van Binnelandse Sake het kragtens artikel 38 van die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961), die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE

1. (1) In hierdie regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(a) "beheerliggaam" die sentrale liggaam of die persoon wat die sake van 'n godsdienstige denominasie of organisasie bedoel in artikel 3(1) van die Wet, bestuur;

(b) "Direkteur-generaal", met betrekking tot die toepassing van hierdie regulasies op die benoeming van huweliksbevestigers—

(i) ten opsigte van die Blanke bevolkingsgroep, die Direkteur-generaal van die Administrasie: Volksraad en ook iemand in diens van die Staat, of die bekleër van 'n pos in die Staatsdiens, wat optree kragtens delegasie deur, of onder die beheer of in opdrag van die Direkteur-generaal van die Administrasie: Volksraad;

(ii) ten opsigte van die Kleurlingbevolkingsgroep, die Direkteur-generaal van die Administrasie: Raad van Verteenwoordigers en ook iemand in diens van die Staat, of die bekleër van 'n pos in die Staatsdiens, wat optree kragtens delegasie deur, of onder die beheer of in opdrag van die Direkteur-generaal van die Administrasie: Raad van Verteenwoordigers;

(iii) ten opsigte van die Indierbevolkingsgroep, die Direkteur-generaal van die Administrasie: Raad van Afgevaardigdes en ook iemand in diens van die Staat, of die bekleër van 'n pos in die Staatsdiens, wat optree kragtens delegasie deur, of onder die beheer of in opdrag van die Direkteur-generaal van die Administrasie: Raad van Afgevaardigdes;

(iv) ten opsigte van Swart persone en ander bevolkingsgroepe as die bedoel in items (i), (ii) en (iii) van hierdie omskrywing en met betrekking tot die toepassing van hierdie regulasies op die voltrekking van huwelike tussen persone van enige bevolkingsgroep, die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake en ook iemand in diens van die Staat, of die bekleër van 'n pos in die Staatsdiens, wat optree kragtens delegasie deur, of onder die beheer of in opdrag van die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake;

(c) "die huwelikswette" die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961), en die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963);

(d) "die Wet" die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961).

(2) Tensy uit die samehang anders blyk, word 'n verwysing in hierdie regulasies—

(a) na 'n artikel met 'n bepaalde nommer uitgelê as 'n verwysing na die artikel met daardie nommer in die Wet;

(b) na 'n vorm met 'n bepaalde nommer uitgelê as 'n verwysing na die vorm met daardie nommer in die Aanhangsel.

2. (1) 'n Aansoek om die benoeming van 'n persoon as huweliksbevestiger kragtens artikel 3 moet aan die Direkteur-generaal gerig word.

(2) So 'n aansoek moet skriftelik gedoen word deur die beheerliggaam van die godsdienstige denominasie of organisasie waaraan die persoon ten opsigte van wie aansoek gedoen word, behoort.

3. Die Direkteur-generaal kan gelas dat enige huweliksbevestiger, of enige persoon ten opsigte van wie kragtens regulasie 2 aansoek gedoen is, 'n mondelinge of skriftelike toets, of albei, aflê sodat vasgestel kan word of sodanige huweliksbevestiger of persoon oor voldoende kennis van die huwelikswette en hierdie regulasies beskik.

4. Die Direkteur-generaal moet—

(a) 'n lys hou van persone wat kragtens artikel 3 benoem is, waarin ten opsigte van elke sodanige persoon sy volle name, posadres, godsdienstige denominasie of organisasie, datum van benoeming en enige beperking in sy benoeming bedoel in artikel 3 (2), aangeteken is; en

(b) in sodanige lys enige verandering van adres of verandering van die naam van die godsdienstige denominasie of organisasie waarvan hy in kennis gestel is, aanteken en die name en ander besonderhede van
enigeen wat om enige rede opgehou het om 'n huweliksbevestiger te wees, skrap.

5. (1) 'n Beheerliggaam moet die Direkteur-generaal onverwyld in kennis stel van die verandering van adres, die aftrede of dood van enige huweliksbevestiger wat tot sy godsdienstige denominasie of organisasie behoort, en die naam van enige huweliksbevestiger wat om enige rede opgehou het om 'n leraar te wees van, of om iemand te wees wat 'n verantwoordelike posisie beklee in sodanige godsdienstige denominasie of organisasie.

(2) Iemand wat kragtens artikel 3 as huweliksbevestiger benoem is, moet die beheerliggaam van sy godsdienstige denominasie of organisasie onverwyld in kennis stel van enige verandering van sy adres.

6. (1) 'n Huweliksbevestiger moet ten opsigte van elke huwelik wat hy bevestig, die dokumente bedoel in sub-regulasie (2), waar van toepassing, saam met die register en duplikaat van die register genoem in artikel 40 van die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963), aan die streek- of distriksverteenwoordiger van die Departement van Binnelandse Sake stuur vir deur sending aan die Direkteur-generaal soos beoog in sub-regulasie (3).

(2) Die volgende dokumente moet, waar van toepassing, saam met die register en duplikaat van die register bedoel in sub-regulasie (1) aan die streek- of distriksverteenwoordiger van die Departement van Binnelandse Sake gestuur word:

(a) Enige beedigde verklaring bedoel in artikel 12;

(b) enige skriftelike toestemming van die ouers, voog, Minister, kommissaris van kindersorg of regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, na gelang van die geval;

(c) enige sertifikaat of dokument vir die doeleindes van 'n huwelik verkry kragtens die Boedelwet, 1965 (Wet 66 van 1965), en enige beedigde verklaring deur 'n party by 'n huwelik aangaande die boedel van 'n afgestorwe eggenoot of eggenote van sodanige party;

(d) indien van toepassing, by die toepassing, van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927)—

(i) die skriftelike verklaring deur die manlike party ingevolge artikel 22 (3) van laasgenoemde Wet;

(ii) die sertifikaat onderteken deur 'n Kommissaris of 'n magistraat, bedoel in artikel 22 (3) van laasgenoemde Wet; en

(iii) die skriftelike verklaring deur die partye ingevolge artikel 22 (6) van laasgenoemde Wet; en

(e) die huweliksbevestiger se sertifikaat bedoel in artikel 6 (5).

(3) Die streek- of distriksverteenwoordiger van die Departement van Binnelandse Sake, na gelang van die geval, moet al die dokumente gemeld in sub-regulasie (2) wat hy ontvang, saam met die betrokke registers aan die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake stuur vir bewaring.

7. (1) Die Direkteur-generaal van Binnelandse Sake moet—

(a) enige skriftelike verlof bedoel in artikel 26 (1) en enige lasgewing bedoel in artikel 26 (2) bewaar; en

(b) enige lasgewing bedoel in paragraaf (a) aan die register en 'n afskrif daarvan aan die duplikaat van die register van die betrokke huwelik heg.

(2) Die betrokke Direkteur-generaal moet enige lasgewing bedoel in artikel 6 bewaar.

8. 'n Beedigde verklaring bedoel in artikel 12 moet gedoen word op vorm BI-31.

9. Die toestemming van 'n ouer of 'n voog tot die huwelik van 'n minderjarige bedoel in artikel 24, moet verstrek word op vorm BI-32.

10. 'n Huweliksbevestiger wat ingevolge artikel 23 'n skriftelike beswaar teen 'n voorgenome huwelik ontvang, moet sodanige beswaar bewaar en moet aantekeninge hou van sy ondersoek en sy beslissing ten opsigte van die beswaar.

11. (1) 'n Minderjarige wat die in artikel 25 bedoelde toestemming van 'n kommissaris van kindersorg verlang, moet daarom aansoek doen op vorm BI-34.

(2) Na ontvangs van sodanige aansoek kan genoemde Kommissaris benewens enige ondersoek wat hy nodig ag, 'n verslag van die betrokke proefbeampte oor die een of die ander van die partye by die voorgenome huwelik, of oor albei, verkry en in aanmerking neem.

(3) Genoemde Kommissaris moet sodanige aansoek en enige verslag wat hy ontvang, bewaar en aantekeninge hou van enige navrae, sy besluit in die saak en sy redes vir sodanige besluit.

12. Die sertifikaat bedoel in artikel 6 (5) wat onderaan die huweliksregister gedruk of geskryf moet word soos voorgeskryf deur die Direkteur-generaal ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963), moet deur die huweliksbevestiger onderteken word en moet soos volg bewoord word:

"HUWELIKSBEVESTIGERSERTIFIKAAT

(Artikel 6 van Wet 25 van **1961)**

Hierby verklaar ek dat ek ten tyde van die bevestiging van hierdie huwelik uit hoofde van die Huwelikswet, 1961, of 'n vorige wet bevoeg was om hierdie huwelik te bevestig.

Handtekening van huweliksbevestiger".

13. Waar van toepassing, moet—

(a) die skriftelike verklaring bedoel in regulasie 6 (2) (d) (i) op vorm BI-168;

(b) die sertifikaat bedoel in regulasie 6 (2) (d) (ii) op vorm BI-169;

(c) die skriftelike verklaring bedoel in regulasie 6 (2) (d) (iii) op vorm BI-170,

ingevul word.

14. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1779 van 8 Oktober 1971, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 11 van 8 Januarie 1982, en Goewermentskennisgewing R. 115 van 28 Januarie 1972, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 71 van 18 Januarie 1974 en R. 849 van 16 April 1981, word hierby herroep.